

DINSDAG, 2 JUNIE 2020

GR.10

HERSIENINGSTOETS 6 : OPSOMMING (10 punte)

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2

Lees die volgende artikel, Dié 7 wenke of gebruike van suurlemoene sal jou verbaas, en doen dan die opsomming nadat jy die instruksies deeglik bestudeer het.

INSTRUKSIES:

1. Som die artikel op deur 7 WENKE neer te skryf oor die gebruik van suurlemoene.
2. Nommer jou sinne van 1 tot 7.
3. Moenie meer as 1 sin per nommer neerskryf nie.
4. Moenie direk uit die teks aanhaal nie.
5. Jou opsomming moet 'n maksimum van 70 woorde wees - en DUI AAN hoeveel woorde jy gebruik het.

Merk slegs jou antwoorde wanneer jy al die vrae beantwoord het.

Dié 7 wenke of gebruike van suurlemoene sal jou verbaas.



Deur Kim Abrahams

1. Hierdie algemene vrug is die antwoord op verskeie probleme. En die beste deel is, dit kos jou nie 'n plaas se prys nie! Hier volg nou 7 wenke oor die gebruik van suurlemoene.
2. Suurlemoen kan gebruik word om droë elboë en knieë te behandel. Dit is wat jy kan doen: voeg suurlemoensap by koeksoda en maak 'n dik pasta vorm. Nou kan jy jou elmoë en knieë daarmee skrop om die droë, dooie vel te verwyder.
3. Suurlemoen kan gebruik word om ontslae te raak van letsels en onegalige velkleur. Suurlemoensap bevat vitamien C wat help om die vel te verhelder, maar dit moet dikwels gebruik word voor resultate gesien kan word. Hierdie behandeling moet net saans gedoen word, want dit sal 'n ongewenste uitwerking hê as die vel aan die son blootgestel word.
4. As jy al een te veel jelaebelbehandelings gehad het, sal jy weet dit maak jou naels 'n onaantreklike, gelerige kleur. Die gebruik van suurlemoensap verbeter swak en verkleurde naels. Volgens Women's Health meng jy olyfolie met suurlemoensap en week jou naels in die mengsel.

5. Kry ligter hare sonder kunsmatige kleurmiddels. Meng suurlemoensap en warm water in 'n spuitbottel, spuit dit aan jou hare en gaan sit sowat 'n uur buite in die son. Dr. Robert J. Dorin, 'n haredokter, sê die suur in die suurlemoensap **maak** jou hare ligter wanneer die son daarop skyn.

6. Skilfers is nie net ongemaklik en jeukerig nie; dis ook 'n verleentheid. Gebruik dus suurlemoen om skilfers onder beheer te kry. Jy kan 'n water, gemmerwortel, suurlemoensap en olyfolie mengsel maak, giet dit oor jou hare en laat dit droog word voor jy dit met sjampoe uitwas.

7. Is jy skaam om jou arms op te lig en jy ontbloot jou donker oksels? Steptohealth.com beveel aan die volgende: meng suurlemoensap met hawermout en heuning tot dit 'n pasta vorm en smeer dit aan jou oksels. **Was dit na 'n** uur af. Gebruik dus suurlemoen om jou donkels oksels ligter te maak.

8. Die vel aan en om die neus is veral vatbaar vir swartkoppies, want dit is een van die olierigste dele van die gesig. Al wat jy moet doen, is om suurlemoensap oor die vel te vryf. Spoel dit na 10 minute met kouewater af. So raak suurlemoen ontslae van swartkoppies.

Bron: Huisgenoot: 25 Oktober 2017

(10)

(10)

Merk slegs jou antwoorde wanneer jy al die vrae beantwoord het.

MEMORANDUM

<p>Suurlemoen kan gebruik word om droë elboë en knieë te behandel. Dit is wat jy kan doen: voeg suurlemoensap by koeksoda en maak 'n dik pasta vorm. Nou kan jy jou elmboë en knieë daarmee skrop om die droë, dooie vel te verwyder.</p>	<p>1. Gebruik suurlemoen om droë elboë en knieë te behandel. / Behandel droë elboë en knieë (met suurlemoen)</p>
<p>Suurlemoen kan gebruik word om ontslae te raak van letsels en onegalige velkleur. Suurlemoensap bevat vitamien C wat help om die vel te verhelder, maar dit moet dikwels gebruik word voor resultate gesien kan word. Hierdie behandeling moet net saans gedoen word, want dit sal 'n ongewenste uitwerking hê as die vel aan die son blootgestel word.</p>	<p>2. Gebruik suurlemoen om van letsels en onegalige velkleur ontslae te raak. / Raak ontslae van letsels en onegalige velkleur (met suurlemoen)</p>
<p>As jy al een te veel jelnaelbehandelings gehad het, sal jy weet dit maak jou naels 'n onaantreklike, gelerige kleur. Die gebruik van suurlemoensap verbeter swak en verkleurde naels. Volgens Women's Health meng jy olyfolie met suurlemoensap en week jou naels in die mengsel.</p>	<p>3. Gebruik suurlemoensap om swak en verkleurde naels te verbeter. / Verbeter swak en verkleurde naels.</p>
<p>Kry ligter hare sonder kunsmatige kleurmiddels. Meng suurlemoensap en warm water in 'n spuitbottel, spuit dit aan jou hare en gaan sit sowat 'n uur buite in die son. Dr. Robert J. Dorin, 'n haredokter, sê die suur in die suurlemoensap mak jou hare ligter wanneer die son daarop skyn.</p>	<p>4. Gebruik suurlemoen vir ligter hare. / Kry ligter hare (met suurlemoen)</p>
<p>Skilfers is nie net ongemaklik en jeukerig nie; dis ook 'n verleentheid. Gebruik dus suurlemoen om skilfers onder beheer te kry. Jy kan 'n water, gemmerwortel, suurlemoensap en olyfolie mengsel maak, giet dit oor jou hare en</p>	<p>5. Gebruik suurlemoen om skilfers onder beheer te kry. / Kry skilfers onder</p>

<p>laat dit droog word voor jy dit met sjampoe uitwas.</p>	<p>beheer (met suurlemoen)</p>
<p>Is jy skaam om jou arms op te lig en jy ontbloot jou donker oksels? Steptohealth.com beveel aan die volgende: meng suurlemoensap met hawermout en heuning tot dit 'n pasta vorm en smeer dit aan jou oksels. Was dit na 'n uur af. Gebruik dus suurlemoen om jou donkels oksels ligter te maak.</p>	<p>6. Gebruik suurlemoen om jou donker oksels ligter te maak./</p> <p>Maak donker oksels ligter (met suurlemoen).</p>
<p>Die vel aan en om die neus is veral vatbaar vir swartkoppies, want dit is een van die olierigste dele van die gesig. Al wat jy moet doen, is om suurlemoensap oor die vel te vryf. Spoel dit na 10 minute met kouewater af. So raak suurlemoen ontslae van swartkoppies.</p>	<p>7. Gebruik suurlemoen om van swartkoppies ontslae te raak./</p> <p>Raak van swartkoppies ontslae.</p>